

Sing vooraf staande: Psalm 103:2, 7 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.
- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els Heer die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1, 14 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o Heer!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 131:1, 2, 3 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.
- 3 Laat Isr'el op die HEER vertrou, / sy hoop op Gods ontferming bou,
en stil berus in sy beleid / van nou af tot in ewigheid.

Gebed

Skrifberyming 2-1:1, 3, 4 (19:1, 3, 4)

- 1 Nou sal ek opstaan, na die woning weer, / die vaderhuis my wank'le voetstap keer.
"My vader, sal ek sê, van misdaad sku, / "my sonde is teen die hemel en voor u."
- 3 Hy 't opgerys, sy swerfpad weer gegaan: / "lig neem die vader my as huurling aan."
Die 't hom gesien en – eerste straal van hoop – / uit jammerte hom tegemoet geloop,
- 4 tot waar hy was, hom aan sy hart laat rus, / geliefkoos deur die vaderlike kus.
"My vader," roep hy uit, van misdaad sku, / "my sonde is teen die hemel en voor u.

Skriflesing: Lukas 15:11-32; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

Kernvers: Lukas 15:20b-24

"Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. Toe sê die seun vir hom: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek si nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.' Maar sy pa roep sy werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste,

en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier.

(Lukas 15:20b-24 AFR 1983)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 1

Die enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.

Tema: Hoe werklik is God vir jou? Jou Here se liefde vir jou is onbegryplik!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, om ons ewige God en Jesus Christus te kan ken, is vir ons die ewige lewe, so sê Jesus dit in sy gebed in Johannes 17. Hierdie ken van God beteken nie dat ons maar net van Hom sal weet nie, maar dat ons werklik 'n band van liefde en trou met Hom sal hê. Ons praat dus van geloofskennis, en geloofskennis is (1) om verseker te weet dat alles wat God in die Bybel van Homself geskryf het die volle waarheid is en (2) om vas te vertrou dat die ewige God deur Jesus Christus ook jou en my Vader is.

Ons kom dus agter dat geloofskennis iets heeltemal anders is as ons kennis van aardse dinge. Wanneer ons kennis van plante het, weet ons presies hoe ons met hierdie plante moet werk en dit moet behandel sodat ons die grootste voordeel daaruit kan kry. Met ons kennis van plante het ons dan beheer oor die plante. Wanneer ons geloofskennis van ons Drie-enige God het, beteken dit nie dat ons Hom tot in sy diepste Wese kan verstaan en kan beheer nie. Ons kan ons ewige God nie met ons verstand begryp nie, want Hy is God. Hy sê self sy gedagtes is nie ons gedagtes nie. Sy gedagtes is ver bo ons begrip.

In aansluiting by wat die Here van Homself sê, bely ons dat ons God **onbegryplik is**. Dat God onbegryplik is, beteken allermens dat ons Hom nie kan ken nie. Inteendeel, Hy praat met ons in sy Woord. Hy maak Homself aan ons bekend sodat ons Hom kan ken. Daarom moet ons goed oplet na wat ons van God bely. Ons sê nie God is onbekend nie; ons sê Hy is onbegryplik.

Nou kan 'n mens verskillende aspekte van die onbegryplikheid van God uitlig. Soms tref swaarkry 'n mens sommer so uit die bloute uit, soos wat met Job gebeur het. Ons weet egter dat die Here hierdie swaarkry oor Job laat kom het, maar Job kry nooit antwoord op sy waarom-vraag nie. Hierdie werk van God met Job, en soms met ons ook, is on-begryplik. Nog iets van God se werk wat ons nie begryp nie, is dit wat ons in die skepping raaksien. Daar is al hoeveel fossiele van oerdiere, soos die dinosaurusse, ontdek. Hierdie gediertes het nie sommer vanself op die aarde verskyn nie; ons Here het hulle geskape. Maar tot vandag toe weet ons nie regtig hoekom die Here hulle gemaak het nie.

Oor hierdie onbegryplikheid van God se werke sal ons maar net kan raai en so lank as wat die Here nie aan ons redes gaan gee nie, sal ons onself net moeg maak met al die raaiery. Tog wil ons vanoggend weet watter praktiese uitwerking God se onbegryplikheid op ons lewens van vandag het. Daarom, broers, susters en kinders, staan ons stil by die onbegryplikheid van God wat vir jou en my die grootste vreugde en troos bring. Dit is die onbegryplike liefde van ons hemelse Vader. Ons leer hierdie onbegryplike liefde juis ken uit die gelykenis van die verlore seun. Met hierdie gelykenis wat

Jesus vertel, kan ons onself vereenselwig, want ons weet van erfposies en van kinders wat hulle ouers afskryf en hulle opvoeding weggooi en hulle erfposies vermors.

Die jongste seun kon, aangesien hulle net twee broers was, 'n derde van al sy pa se goed geërf het. Die oudste seun ontvang immers 'n dubbele deel van die erfgoed. Maar wat verbysterend is van hierdie jongman se optrede, is die feit dat hy sy erfposie by sy pa vra terwyl sy pa nog lewe. Met hierdie optrede word dit duidelik dat die seun eintlik wens dat sy pa al dood was. Hy wil *nou* sy eie baas wees. Daarom, sodra hy sy erfdeel gekry het, het hy alles verkoop, want hy wil die geld hê. En hy het van sy ouerhuis af vertrek na 'n ver land. Hy wou nie meer onder die seggenskap van sy pa wees nie.

Geliefdes, ons kan onself die pa se teleurstelling voorstel. As jou kind na jou toe kom en sy erfdeel van jou eis, sal jy beslis dink: Maar die kind van my wil my mos nou dood wens. Hy vra dan nou goed wat hy eers na my dood kan kry. En hoe groot sal jou teleurstelling nie wees as jy sien hoe jou kind daardie goed wat jy met soveel sorg oor jare bymekaar-gemaak en opgepas het sommer net so verkoop nie. Die waarde wat jy aan daardie erfstukke geheg het, beteken vir jou kind net mooi niks nie. Natuurlik sal dit jou nie net teleurstel nie maar ook baie seermaak.

Die jongste seun se ongevoeligheid het egter nie maar net daar opgehou nie. In die vreemde land het hy soos 'n ryk geluksoeker gaan leef. En in die land waar niemand hom geken het nie, het hy regtig geleef asof hy sy eie baas is. Sy pa se opvoeding het hy net so weggesmyt. Jesus sê: **Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe.** Los-bandig sluit omtrent enige sonde in. Daarom kan ons dit vir onself so voorstel: elke aand hou hierdie jongman die een partytjie na die ander, want hy het mos geld en hy is sy eie baas. Dronkenskap en meisies wat alte gewillig is om saam met hom in die bed te spring, is volop. Hy kon doen wat hy wil.

Die nuus oor hierdie losbandige lewe van sy jongste seun het natuurlik by sy pa uitgekom. Met sy terugkoms by sy ouerhuis sê die oudste seun dan: **hierdie seun van Pa het Pa se goed met prostitute deurgebring.** Watter groot hartseer moes die pa nie beleef het toe hy al hierdie dinge gehoor het nie. Dink net hoe seergemaak sal ek en jy voel as ons kinders al die opvoeding wat ons aan hulle gegee het sommer net so oorboord gooi. Dink net hoe hartseer sal jy voel wanneer jy by ander mense die nuus moet hoor dat jou kind soos 'n ongelowige in Londen te kere gaan. Hy werk nie soos hy vir jou gesê het nie, maar hy hou die een partytjie na die ander waar drank en dwelms volop is. En elke aand is hy tuis by 'n ander meisie wat hy van geen kant af ken nie.

Nou weet ons ook, broers, susters en kinders, lekker hou net vir 'n rukkie aan. Die luilekker lewe kan nie vir altyd aanhou nie. Kort voor lank het hierdie jongman se onverskilligheid hom ingehaal. Toe al sy geld op was, was sy vriende en meisies ook nie meer daar nie. En om dit nog erger te maak, het daar 'n hondersnood in daardie land gekom. Na sy pa kan hy nie teruggaan nie, want wat sal hy vir hom sê? Die enigste uitweg wat hy sien, is om vir hom 'n werk te kry. Nou kan hy ook nie kieskeurig wees nie. Die eerste werk wat hy kry, moet hy vat, al is dit om varke te gaan oppas.

Dit is eers toe hy honger en verslete daar tussen die varke was dat hy tot inkeer gekom het. Toe hy letterlik niks meer oorgehad het nie, het hy besef dat hy nie net teenoor sy pa gesondig het nie, maar ook teenoor God. Hy weet dat sy pa se dagloners genoeg het om te eet en hy vergaan van die honger. Daarom sal hy teruggaan na sy pa toe en hy sal sy skuld en sonde teenoor God en sy pa bely en sy pa vra om maar 'n dagloner by hom te wees sodat hy net kan eet. Hy weet immers dat hy, na alles wat hy aangevang het, nie werd is om sy pa se seun te wees nie. Hy gaan dan ook terug na sy pa toe met die vertrouwe dat sy pa hom tog as een van sy dagloners sal aanneem. Al waarop hy sy hoop kan vestig, is dat sy pa hom genadig sal wees. Tog sou die gedagte seker ook by hom opgekom het dat sy pa alle reg het om hom weg te jaag. As sy pa dit sou doen, sal sy pa immers regverdig optree, want hy het destyds sy pa dood gewens deur sy erfposie van sy pa te vra.

Maar nou lees ons in ons kernverse die verrassende en onbegryplike optrede van die pa. Alles wat hierdie jongman sy pa aangedoen het, het nie gemaak dat die pa sy seun ook afgeskryf het nie. Inteendeel, sy pa het lankal gewag, miskien elke dag gaan kyk of sy seun nie terugkom nie. En toe op hierdie dag sien hy hom al doer in die verte aankom. Sy liefde maak dat hy hom nie oor sy seun se dwaasheid en ellende verlekter nie. Hy kry hom innig jammer. En dan, sê Jesus, doen hierdie pa iets wat heeltemal ongehoord en onwaardig vir 'n man van Oosterse afkoms is. Die pa hardloop sy seun tegemoet, want hy is baie bly om sy seun weer lewend terug te kry. Hy omhels en soen hom. Sodoende maak die pa die laaste en moeilikste tree van sy seun terug na die ouerhuis toe makliker.

Al wat die pa sy seun kans gee om te sê, is sy belydenis van skuld en sonde:

Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. (Lukas 15:18b, 19a AFR1983)

Sy pa gee hom nie eers kans om verder te vra om maar net 'n dagloner te wees nie. Sy pa het klaar gewys dat hy hom as seun aanvaar. En nou moet daar feesgevier word. Sy seun moet nou feesklere kry, die beste, want hy is 'n eregas aan sy pa se tafel. Hy moet 'n ring kry, want hy is nie 'n slaaf nie. Hy moet skoene kry, want sy seun is nie 'n bedelaar nie. En die fees moet groot wees, want die blydschap is groot: **sy seun was dood en hy lewe weer, hy was verlore en sy pa het hom teruggekry.**

Geliefdes, hierdie seun is nie maar net in sy vorige posisie in sy ouerhuis herstel nie. Hy het nou iets meer geword as wat hy voorheen was. Ja, hy het nie meer reg op sy pa se boedel nie, maar hy leef in die genade van sy pa. Daarby het hy ook nog 'n ring aan sy vinger as simbool van seggenskap en gesag. Hy kan nou saam met sy pa met gesag optree. Die hoofsaak is egter dat dit nie die rykdom van sy pa is wat hom bind om te bly nie, maar die liefde, goedheid en genade van sy pa hou hom vas by sy pa. Hy besef nou weer wat dit beteken om 'n pa te hê en hy wy sy lewe in dankbaarheid aan sy pa. Hierdie jongman weet immers dat hy niks van hierdie liefde van sy pa verdien nie. Inteendeel, hy het verdien om weggejaag te word of ten minste maar net 'n slaaf van sy pa te wees. Maar sy pa het liefde vir hom – onbegryplike liefde – sodat sy lewe van ellende in 'n lewe van blydschap, dank en vreugde kan verander.

Hierdie onbegryplike liefde van God is al op die eerste bladsye van die Bybel vir ons neergeskryf. Ons eerste voorouers is volmaak deur God geskep. Hulle het alles gehad: hulle het God volmaak geken en liefgehad. Maar deur die ingewing van die Satan en hulle eie moedswilligheid het hulle gedink hulle kan 'n beter en lekkerder lewe hê as hulle hulle eie baas is. Met die sondeval het hulle die Heilige Gees diep bedroef en 'n pynlike steek in die hart van God gegee.

Alhoewel die Here alle reg gehad het om hierdie twee mense van die aangesig van die aarde af weg te vee, doen Hy dit nie. Hy bewys onbegryplike liefde aan hulle. Hy gaan soek hulle op om die stukkende verhouding heel te maak. En daarby gee Hy ook die belofte van iemand wat sal kom om die slang se kop te vermorsel. Dit is immers in Jesus Christus dat God self na hierdie wêreld toe kom om almal wat verlore is te soek en terug te bring na sy Vader se huis toe. Geliefdes, die liefde van God is so onbegryplik groot dat Hy selfs sy eie Seun in ons plek straf vir ons moedswilligheid.

En hierdie onbegryplike liefde van God vir jou en my het nog nooit opgehou nie. Omdat Jesus Christus konkreet uitdrukking gegee het aan die onbegryplike liefde van God vir mense, roep die Heilige Gees vandag nog met die Woord van die Here ons tot bekering en geloof in Jesus Christus. Vir jou en my laat die Heilige Gees hoor: Kyk, die Here wil nie meer aan jou sondes dink nie. Hy staan en wag vir jou, want sy liefde vir jou en my maak dat Hy ons nie ook afskryf soos wat ons so dikwels met Hom doen nie. Hy wag en kyk of ons nie tog maar na die roepstem van die Gees wil luister en ons toevlug in Jesus Christus wil soek nie.

Dit maak nie saak watter verskriklike sonde jy gedoen het of miskien nou nog in jou hart koester nie.

Die Here ons God se liefde is onbegryplik groter as wat jy kan dink of droom. Hy is bereid om alles wat jy en ek verkeerd gedoen het met een veeg van die bloed van Christus weg te was, skoon weg te was. Ons hoef nie te bereken hoekom die Here dit sal wil doen nie. Ons kan maar alleen ons Here Jesus en die Heilige Gees glo, wanneer Hulle ons na die Vaderhuis terugroep en teruglei. Ons hemelse Vader sal Hom nie oor ons ellende en dwaasheid verlekter nie. En sodra jy onder leiding van die Heilige Gees die tree terug na God toe gaan neem, sal jy vind dat die liefdevolle arms van God jou reeds toegevou het in sy genade. Sodra jy jou skuld bely het, is dit weg en Hy sal jou en my herstel in 'n beter verhouding as wat ons was, selfs nog beter as voor die sondeval. Die Heilige Gees is immers besig om ons heilig te maak sodat, wanneer Christus terugkom, ons so heilig sal wees dat ons nooit weer sonde sal kan doen nie.

Broers, susters en kinders, God se liefde vir jou en my is onbegryplik en ons het die voorreg om ontvangers van hierdie onverdiende liefde te wees. Maar ons is nie net ontvangers daarvan nie. Deur die Heilige Gees maak die Here ons ook draers van hierdie onbegryplike liefde. Daar is immers nog baie mense wat na ons oordeel en volgens ons maatstaf nie verdien om genade te ontvang nie. Maar die Here werk nie volgens ons maatstaf nie. Hy redeneer nie soos die oudste broer in die gelykenis nie. Daarom stuur die Here vir jou en my met sy seën vanoggend uit hierdie erediens uit sodat ons ook ander wat die liefde van God net so min as ons verdien, kan gaan roep en vertel van die onbegryplike liefde van die ewige God. Dit is immers deel van ons dankbaarheid om nou weer terug te kan wees in die huis van ons hemelse Vader.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 April 2012 (oggenddiens)